VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

6 Junie	**Annie Coetzee,** Watsoniasstraat 14, ☎ 082 300 7794. Wyk 11
	Sanet du Plessis, Steenboklaan 16. Wyk 20
	Koos Roos, Clé du Cap 8, ☎ 065 833 2500. Wyk 1
	Suzette van Blerk, Beyers Naudelaan 38, ☎ 084 511 8435. Wyk 5
7 Junie	**Amanda du Plessis,** Mooihof 1C, ☎ 082 444 2319. Wyk 20
	Corrie Fourie, Lungilewoonstel 7, ☎ 079 869 2603. Wyk 4. **87 jaar**
	Pieter Glöy, Huis Eikelaan S 62, ☎ 083 229 2610. Wyk 3
10 Junie	**Nicolene Coetsee,** Harpington 41, ☎ 072 102 9295. Wyk 3
	Johan-Louis Coetzee, Villa Louanne 2, ☎ 071 887 1814. Wyk 4
	Andrea de Wet, Meulstraat 20 ,☎ 072 233 0677. Wyk 6
	Jeandri de Wet, Meulstraat 20, ☎ 082 570 0312. Wyk 6
	Wouna v d Berg, OR Tambolaan 130, ☎ 083 356 6308. Wyk 10
11 Junie	**Callie Coetzee,** Le Rouxstraat 3, ☎ 082 337 7951. Wyk 10
12 Junie	**Dora Reynecke,** Silwerpark 8, ☎ 083 733 3856. Wyk 7

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 20 Sondag 6 Junie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste, kategese en Huis Eikelaan om 15:30:
Ouderling van wyk 7 **Loffie Eloff** en wyk 8 **Nico Malan**.
Diakens: Wyk 7 vakant en wyk 8 **Jan de Vos**

EREDIENSTE Beide eredienste word gelei deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

OGGEND: ***Erediens 09:30***
Skriflesing: Johannes 1.
TEMA: ***Ons onsienlike God***
Sing: Psalm 97: 1, 4; Psalm 81: 9, 10;
Skrifberyming 5: 1, 2 (Tema 4 - 8); Psalm 93: 1 - 4.

AAND: ***Erediens 18:00***
Skriflesing: Efesiërs 5, 6.
Heidelbergse Kategismus, Sondag 39.
TEMA: ***Liefde en gesag gaan saam.***
Sing: Psalm 146: 1, 8; Psalm 72: 2, 6; Skrifberyming 28 (Tema 10 - 2)

Beide eredienste word vanoggend waargeneem deur Prof Callie Coetzee. Ons is baie dankbaar vir die kosbare dienswerk wat prof. Callie verrig en bid hom die ryke seën van die Here toe. Dit is ook ons gebed dat Hy in sy troue liefde prof. Callie in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam.
Die erediens by Huis Eikelaan word vanmiddag om 15:30 waargeneem deur ds. Koos Mouton.

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die ere-dienste u maskers te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

Kollektes vanoggend: *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir **Jeugsorg** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas.*

LIEF EN LEED

Japie van Jaarsveld 072 521 9813 het hierdie week sy 2de laaste behandeling ontvang in Klerksdorp. Ons bly vir Japie en Christa voorbidding doen.

Hannelie Bartlett 064 463 5582 moet in die komende week ’n opvolgondersoek ondergaan ná die prosedure wat sy ’n klompie weke gelede ondergaan het. Dit is ons gebed dat die dokter met die vordering tevrede sal wees.

Hermien van der Spoel het die afgelope week geval en haar heup gebreek. Sy het Vrydag ’n heup-vervangingsoperasie ondergaan. Ons bid haar spoedige herstel en goeie lewenskwaliteit toe.

Dankbaarheid

Ons deel in die groot vreugde en dankbaarheid van **Nelis en Dina Coetsee** met die geboorte van ’n kleindogter, Douwleen. Dit is die eersteling van Helgard en Nadine wat in Centurion woon, en agterkleindogter van **Peet en Elsie Buys**. Saam met u dank ons die Here dat Hyself ’n nageslag gee wat Hom sal eer.

AFKONDIGINGS

BYBELSTUDIES:

Di	8/06	15:00	Huis Eikelaan In die groot saal	Prof. Callie Coetzee
	8/06	18:30	Jeugkamer	Vraag en antwoord
Do	10/06	09:30	Kerkkantoor/ kerksaal	Sonde teen die Heilige Gees
		18:30	Virtueel	Kontak prof. Paul Krüger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267

DAGBOEK

Katkisasie lesrooster

	Sondag 6 Junie 2021	Sondag 13 Junie 2021
Lesrooster: Psalmvers:	Les 10 en Sondag 10 Psalm 16: 5	Les 11 en Sondag 11 Psalm 18: 14
Katkisasie toesig:	Ouderling Wyk 7 Graad 3, 4 Ouderling Wyk 8 : Graad 5, 6	Ouderling Wyk 9: Graad 3, 4 Ouderling Wyk 10: Graad 11
Woensdag 9 Junie 14:30	2021 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 11 & 12 (vervolg)
Woensdag 9 Junie 15:45	Graat 8, 9 katkisasie	Les 7 (Openbarings-geskiedenis en DL)
Donderdag 10 Junie 15:00	2020 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 45 – 47 (deel 1)

✶ Neem asb kennis dat die katkisasie op weeksdae vir die duur van die Vlak 2 inperking via WhatsApp video-oproepe of Microsoft Teams sal geskied. Alle katkisante word geakkommodeer.

Die kerkkantoor is weer terug in die konsistorie. Malie Wyma is Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 8:00 tot 13:00 op kantoor

VAN ONS DIAKONIE

Die spesiale kollektes in Junie 2021 gaan vir:

Sondag	6 Junie	Jeugsorg
Sondag	13 Junie	Kinder en Ouetehuise (SDDS)
Sondag	20 Junie	GKSA Sustentasiefonds
Sondag	27 Junie	Christelike Onderwys

UIT KERKVERBAND

Beroepe ontvang

- Ds PW Smit (Wouter) van GK Vereeniging na die CRCA (St. Marys, Sydney).

Beroepe aanvaar

- Ds PW Smit (Wouter) van GK Vereeniging na die CRCA (St. Marys, Sydney).

WETGEWING WAT DIE KERKE RAAK

Die afgelope tyd het die Algemene Sinode se Deputate vir kontak met die owerheid navrae oor verskeie wette en hoe dit die kerke raak, ontvang. Ons gee dit graag vir u deur vir kennisname, en om ook die inligting verder te versprei soos dit nodig mag wees. Die inhoud van hierdie beriggie is oorgeneem uit korrespondensie ontvang vanaf ds. Cassie Aucamp, voorsitter van die deputategroep.

1 Die implikasie van artikel 9 van die Grondwet vir kerklike besluitneming.

Sub-seksie 4 en 5 van Art 9 lui soos volg:

(4) Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie. (ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.) Nasionale wetgewing moet verorden word om on-billike diskriminasie te voorkom of te belet. (Dit is Wet 4 van 2000)

(5) Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

<u>Reaksie van Deputate Owerheid:</u>

Kerke behoort kennis te neem van die moontlikheid dat kerklike besluite aan litigasie onderwerp kan word in gevalle waar die grondwetlike beginsel van gelykheid in gedrang kom. 'n Onlangse voorbeeld is die saak tussen Gaum and others vs Van Rensburg NO (40819/17). Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Diskriminasie (Wet 4 van 2000) bepaal in Art.14(2) die volgende: *"Om te bepaal of die respondent bewys het dat die diskriminasie billik is, moet die volgende in ag geneem word: (a) Die konteks; (b) die faktore waarna in subartikel (3) verwys word; (c) of die diskriminasie redelik en regverdigbaar onderskei tussen persone aan die hand van objektief bepaalbare kriteria, eie aan die betrokke aktiwiteit."*

Wanneer kerklike besluite in die howe uitgedaag word, sal howe kerklike besluite toets aan die interne reg van 'n kerkverband. Dit is derhalwe noodsaaklik dat kerklike vergaderings kerkordelike prosedures nougeset nakom. Notules moet besluite deeglik verwoord en motiveer in die lig van Skrif, belydenis en kerkorde.

2 Die implikasies van die South African Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill (2018) vir Woordbediening.

<u>Reaksie van Deputate Owerheid:</u>

Ten opsigte van die *South African Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill* (2018) wys die Deputate daarop dat die betrokke wetgewing 'n vrywaringsklousule vir bona fide godsdienste uitsprake bevat. Klousule 4(2)(d) vrywaar: *"d) The bona fide interpretation and proselytising or espousing of any religious tenet, belief, teaching, doctrine, or writings, to the extent that such teaching or proselytization does not advocate hatred that causes incitement to cause harm, based on one or more of the grounds referred to in subsection (1)(a)."*

3. Die Gelykheidswet

Die "Promotion of Equality and the Prevention of Unfair Discrimination Act" (PEPUDA) is 'n Wet wat kragtens Art 9(s) van Hoofstuk 2 van die Grondwet wat in 1996 opgestel is om gelykheid te bevorder en onbillike diskriminasie te voorkom. In die spreektaal genoem die Gelykheidswet. Die Wet is net ondergeskik aan die Grondwet en geniet voorrang bo alle ander Wette. Dit het ten doel om gelykheid te bevorder en onbillike diskriminasie te voorkom wat gebaseer is op enige van 17 "prohibited grounds" in Art 9 genoem.:' een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

Die Wet is in Februarie 2000 gepromulgeer, wet 4 van 2000. Ek (ds. Cassie Aucamp - JvD) was persoonlik op die Gekose Komitee wat die wetsontwerp moes finaliseer, en toe reeds was daar talle voorleggings van godsdienstige organisasies wat gewaarsku het dat die wet Godsdiensvryheid in gedrang sou bring, veral ten opsigte van die klag van haatspraak gegrond op een van die 17 gronde. Baie van die drakoniese bepalings in die voorgestelde wetsontwerp is na talle en talle voorleggings verwyder.

Nou word daar gewerk aan die wysiging van die Wet. Voorleggings kan aan die Departement van Justisie daaroor gemaak word, en wel voor 30 Junie. (dit wil my dus voorkom of dit nog op 'n vroeë stadium is, en nog nie as 'n Wetsontwerp wat voor die Parlement moet dien nie).

Verskeie organisasies waarsku dat die wysigings wat voorgestel word godsdiensvryheid in gedrang bring en dat die latente gevare in die oorspronklike Wet nou drakoniese tande kry. Die prominentste daarvan is FORSA (Freedom of Religion in South Africa) en die FW de Klerk Stigting. Ons het talle navrae van kollegas en lidmate gekry, met uiteraard ’n beroep om ’n voorlegging te maak.

Die GKSA se Deputate Owerheid neem met dank maar natuurlik met groot kommer kennis van die waarskuwings. Ons het begin met ’n proses van bestudering van die beoogde wysigings, konsultering met bv genoemde organisasies, advies deur kundiges sodat ons indien nodig ons pyle op die regte gevare kan rig. Ons sal ook met kerke met wie ons saamwerk en met wie ons in kerklike organisasies is skakel ten einde ook ’n gesamentlike getuienis te laat hoor. Wesenlik tot die saak sal op hierdie stadium wees: die mate waarin die oorspronklike Wet 4 van 2000 nou volgens voorstelle gewysig moet word.

Direkte en duidelike feitlike kommentaar en dokumente wat ons in die proses kan help, kan gerus gestuur word aan ons skriba, Ds. Marcel Floor, by marcelfloor07@gmail.com .

Die Kerkblad is beskikbaar in die saal.

Ons het by Die Kerkblad met 'n groot-skaalse bemarkingsveldtog begin om die blad bekend te stel en nuwe intekenare te werf. Ons lidmate het die afgelope week ook 'n seleksie van artikels uit die jongste uitgawe asook 'n bekendstelling van Die Kerkblad per e-pos ontvang.
Vir lidmate wat nie ingeteken is nie, is daar gratis kopieë van die jongste en vorige uitgawes beskikbaar by die deur naaste aan die saal.
U kan gerus 'n kopie neem en ons vertrou dat meer van ons lidmate dan sal inteken. U is ook baie welkom om met my of Piet Aartsma 083 532 9308 te skakel, wat aangebied het om as skakelpersoon van ons gemeente op te tree. Intekening kan by die Administratiewe Buro gedoen word, of u kan met my skakel 082 337 7951 prof Callie Coetzee.

TOPIA - Toerusting in Mosambiek.

Vanaf 16 Maart tot 13 April het Handevat bediening en TOPIA hande in Mosambiek gevat. Wat 'n wonderlike ervaring om weer saam met my ou vriend Danie Murray, gemeentes, leiers en sendelinge van die Gereformeerde kerke in Mosambiek by 10 verskillende plekke te kon besoek.

Die paaie is sleg, die polisie-stoppe vra geduld, maar die voorreg om saam met medegelowiges in anderste en uitdagende omstandighede te kuier en toerusting te doen, is 'n onbeskryflike genadegeskenk en aansporing. Wat vir my uitstaan uit die besoek is die belangrikheid om te kan luister en verhoudings te bou. Die noorde van Mosambiek word veral beïnvloed deur Islam en Tradisionele Afrika denke. Ons gesels oor die Bybelse inhoud van liefde en die belangrikheid van verhoudings wat vir die plaaslike kultuur baie vreemd is. Saam met ons reis eers Ds Carlos en dan Ds Herbart en Ds Pedro, wat die sinode verteenwoordig. Die onderlinge slyp van mekaar is 'n baie belangrike deel van die dissipelskap wat tydens die besoek plaasgevind het.

Ons reis ook per boot na Namau, want die paaie is ontoeganklik na die reënseisoen. Johan en Enna Dames is al 21 jaar sendelinge in die gemeenskap wat noord van Pemba in die Cabo Delgado provinsie is. Na 20 jaar was daar 7 bekeerlinge en skielik het die oes die afgelope jaar na 40 volgelinge aangegroei. Hul toewyding te midde van moontlike bedreiging verheerlik die naam van Christus, is 'n inspirasie en vra van ons voorbidding. Lees die volledige storie op ons webtuiste: www.topia.org.za

Johannes vertrek weer DV die 12de Junie vir 'n maandlange besoek na Mosambiek om die Volta a Biblia Bybelskool in Macia te besoek en by Mavago, Chiconono en Milange dissipelskaps-opleiding te doen. Indien jy foto’s en kort beriggies via die TOPIA Whattsapp broadcast oor die opleidingsreis wil ontvang, laat weet asseblief vir Lizanne by 084 555 1890.
Sou jy wou bydra vir hierdie besoek, sien die bankbesonderhede hieronder.
TOPIA MEDEWERKER: Asseblief bid saam, kom help met opleiding of maak 'n koninkryksbelegging deur Zapper, Snapscan of die TOPIA FNB TJEKREKENING: 6276 939 3712. Takkode: 250655.
Na ons vaste maandelikse inkomste benodig TOPIA R18 000 per maand. Ons vra dus mooi of jy nie biddend sal oorweeg om op 'n vaste maandelikse basis TOPIA te ondersteun nie. **EFT**

TOPIA FNB
Tjekrekening: 6276 939 3712 Takkode: 250655